# SARS GEDENK 16 DAE VAN AKTIVISME TEEN GESLAGGEBASEERDE GEWELD EN INTERNASIONALE MENSEREGTEDAG

**Tshwane, 10 Desember 2021**- Die Suid-Afrikaanse Inkomstediensdiens (SARS) het vandag, Internasionale Menseregtedag, terwyl die 16 dae van aktivisme tot 'n einde kom, 'n gedenkwaardige geleentheid gehou, met eerware regter Edwin Cameron as gasspreker, om oor hierdie betekenisvolle dag op ons Suid-Afrikaanse kalender na te dink en te gedenk.

"SARS, met 62,7% van ons werkmag wat vroue is, erken die feit dat vroue 'n belangrike rol speel in ons samelewing en die nasie. Hulle vertolk verskeie rolle, insluitend gewaardeerde werknemer, sorgende moeder, dogter, kollega, leier en vele ander kritiese rolle in die samelewing. Dit is belangrik vir ons almal om die vroue in ons lewens te wys hoeveel ons hulle ondersteun en vir hulle omgee. Ons moet weet dat vroueregte menseregte is. Terwyl die wêreld beweeg na gelykheid vir beide mans en vroue ten opsigte van gelykwaardige vergoeding, gelykwaardige sosiale aansiens en gelykwaardige stem, is dit belangrik en vereis dit van ons om te onthou dat ons almal mense is, dat ons gelyk is en dat almal gerespekteer moet word," het kommissaris Edward Kieswetter gesê.

Vandag se gedenkgeleentheid het begin met 'n roerende getuienislewering deur 'n dapper SARS-werknemer wat 'n oorlewende van geslaggebaseerde geweld (GGG) is. Sy het 'n persoonlike weergawe van haar ondervinding gedeel en hoe sy dit oorkom het. Sy het vandag haar stem gebruik om stem te gee aan menige wat steeds stil en bang is. Dit was 'n donker herinnering van die feit dat GGG 'n gesig het en dat dit mense in 'n onpeilbare en langtermyn manier affekteer.

Kommissaris Kieswetter het gesê, "terwyl ons mandaat by SARS, as die belasting- en doeaneowerheid, is om alle verskuldigde inkomste in te vorder, optimale nakoming te verseker en wettige handeldryf te fasiliteer, het ons 'n duidelike keuse gemaak dat ons 'n organisasie wil wees met 'n sterk hoer doelwit orientasie en dat ons werk 'n transformerende impak op die samelewing het. Ons het ook 'n leierskapsmodel aangeneem wat gebaseer is toesighouerskap, en ons is daartoe verbind om 'n werkplek te skep waar ons bele in mekaar se welstand; dat ons vir mekaar omgee en

persoonlike groei aanmoedig wat elke werknemer in staat stel om die beste weergawe van hom/haarself te word."

Hy het klemgelê daarop dat SARS se verbinding tot 'n "GGG-vrye werkomgewing" voortgaan en vermenigvuldig sal word. Hy het verder aangedui dat SARS 'n "NEE vir GGG-belofte" het en dat 100% van die organisasie se leierskap die belofte onderteken het, en dat meer as 80% van die 12 364 werknemers die belofte onderteken het. Die kommissaris het belowe dat SARS 'n sleutelbydraer sal wees tot 'n GGG-vrye belasting- en doeane-ekostelsel.

Regter Cameron is erken as een van daardie rare individue wat die beste moontlike voorbeeld is van die menslike gees en dit ook so uitleef. Regter Cameron, in sy onnabootsbare styl, het 'n uitloklike en skerp aanbeveling vir hervorming van die korrektiewe stelsel gelewer. Hy het met vrymoedigheid gepraat oor die noodsaaklikheid om GGG aan te spreek en die versoeking te weerstaan om toevlug te gee aan banaliteit en publisiteitstoertjies. Regter Cameron bepleit "dit is nie die erns van die straf nie, maar die sekerheid van die straf wat afwerend is."

Die regter het verder die nood uitgewys vir stelselmatige hervorming en 'n geteikende benadering tydens elke stap in die waardeketting van reaksie teenoor die plaag wat slagoffer-gesentreerd behoort te wees. Hy het die nood uitgelig om stigma, wat gekoppel word aan 'n slagoffer van GGG, uit te roei.  Hy het uitgebrei dat stigma aan die oortreders en toeskouers gekoppel moet word en nie aan die slagoffers nie. Hy het gepleit dat almal by SARS elke dag moet worstel met die ingewikkeldhede van GGG, nie net op Menseregtedag nie.

'n Onlangse opinie-artikel deur regter Cameron, getiteld "*Harsh prison terms won't solve the crisis of gender-based violence*"[1] was sentraal tot die dialoog waartydens regter Cameron beklemtoon het dat “daar veel meer seksuele oortreders is as wat gerapporteer word. Hoekom?"

"Stigma en skaamte talm ongegrond rondom oorlewendes van GGG. En die oortreder is dikwels na aan die oorlewende - of die oorlewende is afhanklik van hom/haar vir finansiële bystand. Die idee dat tronke en streng tronkstrawwe 'n antwoord verskaf dat die hamer van die gereg kan help om die probleem op te los, lyk instinktief aanloklik. 'n Aaklige probleem benodig 'n aaklige reaksie. Maar ongelukkig, baie ongelukkig, is

erge tronkstrawwe nie 'n oplossing nie - erger, dit dien veels te gereeld slegs as 'n politiese skouspel wat die aandag aftrek van die harde werk wat ons almal moet doen om die probleem te begin regstel. Suid-Afrika benodig sekerheid van arrestasie en vervolging, nie lang tronkstrawwe nie, want dit is wat misdaad afweer," het regter Cameron gesê.

Hierdie jaar is die jaar van Charlotte Mannya Maxeke. Ons kan beste eer betoon aan hierdie vegter vir vroueregte deur ons toewyding tot die voorbeeld wat sy gestel het. Sy het eers in haarself belê om die beste weergawe van haarself te wees, en daarna, soos sy vordering gemaak het, die tyd geneem om ander saam te neem en hulle te bemagtig.

"Ek moedig elkeen van julle aan om die beste weergawe van jouself te wees. Lei dan die verandering wat jy graag wil sien. Neem dit op jouself om die wêreld te verander deur jou omgewing 'n veilige omgewing vir vroue te maak! Ons het nie al die antwoorde nie, maar ons toegewydheid om ons werkplek te verander om vry van geweld en diskriminasie te wees, moet onmeetbaar wees", het kommissaris Kieswetter gesê ter afsluiting van vandag se geleentheid.

[1] 9 August 2021 | By Edwin Cameron | Harsh prison terms won’t solve the crisis of gender-based violence:https://www.groundup.org.za/article/why-a-carceral-state-wont-solve-the-crisis-of-gender-based-violence/

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.